PERSVRYSTELLING ----- LAURIKA RAUCH

HEI, MEVROU BROWN (DIT GAAN GOED) SELBCD 389

Laurika Rauch Produksies kondig met trots aan die vrystelling van Laurika Rauch se 15de album ***Hei, mevrou Brown (dit gaan goed).*** *Select Musiek* is, soos in die verlede, ook die verspreider van Laurika se nuutste CD. ***Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)*** verteenwoordig liedjies uit ‘n breë spektrum van die Afrikaanse liedjieskrywerskat.

Kom laat ons sing (1) *en* ***Kom laat ons sing (2)***

Die twee nuwe juwele van Christopher Torr, is ‘n aangrypende spieëlbeeld van mekaar. Die eerste liedjie is ‘n vreugdevolle en ironiese saamsingliedjie oor die liefde, terwyl dieselfde liedjie met **Kom laat ons sing (2)** verrassend omskep word om kommentaar op die verganklikheid van die lewe en die liefde te lewer.

Waar ek ook al ry *en* ***Reispsalm***

Laurika beskou dit as ‘n voorreg dat Koos Kombuis gehoor gegee het aan haar versoek vir nuwe liedjies vir haar album. *Waar ek ook al ry* het hy in opdrag van Laurika op Gordonsbaaistrand geskryf en *Reispsalm* is ‘n liedjie wat hy reeds in 1996 in die Rynvallei geskryf het. Dit is egter die eerste keer dat die liedjie gehoor word. Jahn Beukes het met sy besondere verwerking van die twee liedjies die teks nog duideliker tot sy reg laat kom. *Reispsalm* sal menige landgenote (veral *ex pats)* se harte warmer laat klop van liefde vir en verlange na hierdie kontinent.

Onthou

Jeanette Cilliers het vir Laurika se vorige album, *Die mense op die Bus*, die liedjie *Vanaand se maan* geskryf. Dit was so ‘n treffer, dat Laurika vir Jeanette gepols het om nog ‘n liedjie vir die nuwe album te skryf. *Onthou* is die resultaat hiervan. Tony Cox, die bekende kitaarspeler, het sy besondere talente verleen aan die verwerking van hierdie liedjie. In sy eenvoud word hierdie liedjie eintlik ‘n duet vir stem en kitaar.

Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)

Die jong liedjieskryfster, Marlise Scheepers, tans ‘n tweedejaarstudent op Potchefstroom, het hierdie besonderse titelsnit geskryf. Laurika het die liedjie die eerste keer gehoor toe sy beoordelaar was tydens *Beeld/Geraas en Janus Musiek* se *Vuurdoop*liedjiewedstryd. Die liedjie was een van die drie wenliedjies. Dit is ‘n opgeruimde liedjie, maar die tema is ernstig, ondermeer handel dit oor die gedwonge verskuiwings van die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare.

Hoe draai die wind dan nou *en* ***Hoor hoe val die reën***

André Swiegers, ‘n gunstelingliedjieskrywer van Laurika, van liedjies soos *Blou* en liedjies wat hy vir *Coleske* geskryf het, is die skrywer van die twee liedjies. Jahn Beukes het pragtige verwerkings van die liedjies gedoen. Jahn het sy agtergrond as perkussiespeler as uitgangspunt gebruik vir hierdie verwerkings en Pops Mahomed se Kora-spel is werklik iets om te beluister in *Hoor hoe val die reën*, asook Bruce Cassidy se EVI (Electric Valve Instrument)-spel op dieselfde snit. Luister maar hoe hy die instrument soos ‘n storm wat losbars laat klink!

Sleep tight Margaret

Laurika en Vusi Mahlasela se paaie het reeds in 1998 met *Samekoms/Kopano* gekruis. Laurika wou sedert daardie eerste ontmoeting met Vusi die liedjie opneem. Sy sing die liedjie reeds geruime tyd tydens haar verhoogaanbiedinge saam met die vier lede van haar orkes. Die insluiting van die liedjie, vol filosofiese oplossings vir die probleme van die lewe, was dus nie net op publieke aanvraag ingesluit nie.

Beste Vriende

Laurika tree reeds vir amper ‘n jaar op saam met Wouter van de Venter en die drie ander lede van haar orkes, wat Jahn Beukes, Leon Ecroignard en Clinton Waring insluit. Hy is ‘n besonderse sanger, liedjieskrywer en kitaarspeler. Ook hierdie liedjie word ingesluit op publieke aanvraag. Wouter het *Beste Vriende* met Laurika se stem in gedagte geskryf en dit is reeds ‘n treffer op die verhoog. Jahn was eers nie seker hoe om die liedjie “CD vriendelik” te maak nie. Die besluit is toe geneem om dit so “lewendig” as moontlik op te neem sodat die energie en die sjarme van die wisselwerking tussen Laurika en Wouter se vertolkings nie verlore gaan in hierdie duet nie.

Lord of the dance

Die liedjie loop al ‘n lang pad saam met Laurika. In die vroeë tagtigerjare het sy vir Sydney Carter, skrywer van *Lord of the Dance,* leer ken toe hy in Suid-Afrika saam met Donald Swann was. Sy wou al van daardie dae af die liedjie opneem. *Lord of the Dance* is natuurlik in verskeie lied- en psalmbundels dwarsoor die wêreld ingesluit en al dikwels opgeneem deur ander kunstenaars. Laurika se weergawe van die besondere liedjie, waarvan die wysie weer bekend gemaak is deur Michael Flatley in sy vertoning met dieselfde naam, is ook op hierdie album. Twee lede van die *Dalriada Celtic Ensemble* het hulle talente verleen aan *Lord of the Dance* wat aan die liedjie ‘n outentieke keltiese gevoel gee.

‘n Sonnebom uit Bethlehem

As jy Lize Beekman se *‘n Sonneblom uit Bethlehem* vir die eerste keer hoor, klink dit soos ‘n liedjie oor Bethlehem in Israel, maar jy kom biae gou agter dat daar na Bethlehem in die Vrystaat verwys word, en dat die goud, wierook en mirre deur *‘n sonneblom, kappertjiesaad* en *hanepoot druiwe* verteenwoordig word. Dit is ‘n pragtige lied.

DIE 12 LIEDJIES OP <u>HEI, MEVROU BROWN (DIT GAAN GOED)</u> IS:

1.
<u>‘N SONNEBLOM UIT BETHLEHEM</u>
WOORDE EN MUSIEK: LIZE BEEKMAN
UITGEWER: M/S (SAMRO) /© LIZE BEEKMAN

2.
<u>HEI , MEVROU BROWN (DIT GAAN GOED)</u>
WOORDE EN MUSIEK: MARLISE SCHEEPERS
UITGEWER : M/S SAMRO /© MARLISE SCHEEPERS

3.
<u>HOE DRAAI DIE WIND DAN NOU</u>
WOORDE EN MUSIEK: ANDRÉ SWIEGERS
UITGEWER EN ©: JEAMILE MUSIC

4.
<u>HOOR HOE VAL DIE REËN</u>
WOORDE: RICHARD VAN DER WESTHUIZEN / MUSIEK: ANDRÉ SWIEGERS
UITGEWERS : WOORDE: M/S (SAMRO) / MUSIEK: JEAMILE MUSIC

5.
<u>SLEEP TIGHT MARGARET</u>
WORDS AND MUSIC: VUSI MAHLASELA/ IAN HERMAN/ STEVE NEWMAN
PUBLISHERS AND ©: VUSIMUZI MUSIC C/O BMG AFRICA MUS PUB/GALLO MUS PUB

6.
<u>WAAR EK OOK AL RY</u>
WOORDE EN MUSIEK: KOOS KOMBUIS
UITGEWER EN ©: TRAPSUUTJIES UITGEWERS (SARRAL)

7.
<u>KOM LAAT ONS SING (1)</u>

WOORDE EN MUSIEK: CHRISTOPER TORR
UITGEWER EN ©: CHRIS TORR MUSIC

8.
KOM LAAT ONS SING (2)
WOORDE EN MUSIEK: CHRISTOPHER TORR
UITGEWER EN ©: CHRIS TORR MUSIC

9.
ONTHOU
(VIR WILLEM)
WOORDE EN MUSIEK: JEANETTE CILLIERS
UITGEWER: M/S (SAMRO) /© JEANETTE CILLIERS

10.
BESTE VRIENDE
WOORDE EN MUSIEK: WOUTER VAN DE VENTER
UITGEWER: M/S (SAMRO)/© WOUTER VAN DE VENTER

11.
LORD OF THE DANCE
WORDS AND MUSIC: SYDNEY CARTER
PUBLISHER AND ©: STAINER & BELL LTD. LONDON ENGLAND

12.
REISPSALM
WOORDE EN MUSIEK: KOOS KOMBUIS
UITGEWER EN ©: TRAPSUUTJIES UITGEWERS (SARRAL

ALLE VERWERKINGS EN REGIE		***JAHN BEUKES***
BEHALWE:	***REISPSALM*:**	**JAHN BEUKES, JASPER WILLIAMS & LEON ECROIGNARD;**
	***ONTHOU*:**	**TONY COX**
	***WAAR EK OOK AL RY*:**	**JAHN BEUKES & JASPER WILLIAMS**
MENG:		**JAHN, JASPER, LAURIKA**
INGENIEUR EN MEDE-REGISSEUR:		**JASPER WILLIAMS**
ASSISTENT :		**TROY UNSER**
OPGENEEM ,GEMENG & GEMEESTER BY:		**CSR STUDIOS, BRYANSTON**
INGENIEUR FINALE MEESTER:		**CHRIS PALMER**

MUSIKANTE:

JAHN BEUKES	**PERKUSSIE, KLAVIER, SINTETISEERDERS, SANG**
LEON ECROIGNARD	**BAS, KONTRABAS, BEKFLUIT, PERKUSSIE, FLUIT EN BERIMBAU OP REISPSALM, SANG**
TONY COX	**KITAAR**
VINNIE HENRICO	**TROMME**
WESSEL VAN RENSBURG	**KLAVIER**
BRENDAN ROSS	**SOPRAANSAKSOFOON**
KATINKA VAN BILJON	**AGTERGRONDSANG**
POPS MAHOMED	**KORA**
BRUCE CASSIDY	**EVI (ELECTRIC VALVE INSTRUMENT)**
WOUTER VAN DE VENTER	**KITAAR OP *SLEEP TIGHT MARGARET* EN *BESTE VRIENDE***
CLINTON WARING	**KLAVIER OP *SLEEP TIGHT MARGARET***
ED JORDAN	**SINTETISEERDER**
ELIZABETH RENNIE	**VIOLA**
ELIOT SHORT	**VIOOL OP *LORD OF THE DANCE***
MAURICE JUDGE	**ALLES BEHALWE PERKUSSIE EN VIOOL OP *LORD OF THE DANCE***

MAURICE JUDGE EN ELIOT SHORT IS LEDE VAN DIE <u>DALRIADA CELTIC ENSEMBLE</u>

<u>OMSLAGONTWERP</u>: LIANNA EN MARELI VIR MEDIA MOSAICS

<u>FOTOGRAFIE</u>: ELIZABETH OLIVIER-KAHLAU